Tema: Weerstaan die versoekings van die duiwel met Jesus se hulp.

Vooraf sang
Sb. 14-1: 1, 2

Ontmoetingsdiens
Intreelied Sb. 10-1: 1, 4 (Melodie Ps. 50-1,tweede mel., Melita)
Votum
Seën
Loflied Sb. 12 - 6: 1, 2, 3, 4, 5;
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Matteus 3: 13 - 4: 11
Teks: Matteus 4: 1 en 10
Sing Sb. 5-5: 1, 2;
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir BnB (gemeenskap in Potch)
Sing Sb. 14-3: 1,2;
Wegstuurseën
Amen Sb 13 - 2.

Geliefde brs. en srs. en liewe kinders

Weet jy dat jy “nee” kan sê vir die sonde? Dat jy die versoekinge wat die duiwel in jou bewerk, kan weerstaan? Dat ons as gelowiges oor die sonde kan oorwin? Weet jy dit en leef jy elke dag met hierdie oortuiging? Pas jy dit ook toe in jou denke en optrede – dat jy kan oorwin!

Ons moet nooit in ons denke oor die Duiwel, die sonde en die gevolge daarvan die fout maak om te dink dat dit so ŉ groot ellende is en dat die gevolge daarvan so oorweldigend is dat ons weerloos daarteenoor staan nie! Dat ons nou maar willose slagoffers is van die sondeval en die bose en dat ons niks daaraan kan doen nie! Ons moet ook nie toelaat dat die verskriklike sondige werklikhede wat ons in onsself en rondom ons sien en elke beleef ons moedeloos maak nie!

Nee, dit kan nie en dit mag nie! Daarom kom bemoedig die Here ons vanaand met die boodskap: weerstaan die versoeking van die duiwel! Jy kan en moet dit weerstaan en jy kan dit doen om dat Jesus ons daarmee help! In Hom is ek en jy in staat om die sonde in ons eie lewe en in die wêreld te oorwin! Ons moet dit vanaand weer opnuut glo!

Hoekom kan ons die sonde oorwin en nee sê vir versoekinge? Want dit is die heel eerste ding wat Jesus Christus op aarde kom doen het! Hy het “nee” gesê vir die Satan se versoekinge en deur die versoekings te weerstaan het Hy begin om Satan te oorwin!

Ons teksgedeelte begin met die vertelling van Jesus wat na Johannes die Doper toe gekom het om deur hom gedoop te word! En die gebeure by Jesus se doop dui daarop dat dit die amptelike begin van sy verlossingwerk op aarde was. Nadat Jesus uit die water opstaan, daal die Heilige Gees sigbaar in die vorm van ŉ duif op Jesus neer om Hom met die Gees toe te rus vir die verlossingwerk. Maar hierdie salwing met die Gees was ook sy aanwysing aan Koning! Daarom dat God met ŉ harde stem uit die hemel sê: “dit is my geliefde Seun, oor Hom verheug Ek my”. Soos die konings van ouds word Jesus gesalf en die oudste en enigste Seun deur sy Vader as Koning aangewys.

Dis merkwaardig dat die eerste taak wat Jesus op Homself neem, is om die duiwel die stryd aan te sê! Ons lees dat Jesus deur die Heilige Gees in die woestyn gelei is om deur die Duiwel versoek te word. Markus en Lukas gebruik ŉ woord wat daarop dui dat Jesus deur die Heilige Gees in die woestyn” ingedryf is” en dat hierdie versoeking 40 dae lank geduur het!

Geliefdes, wanneer jy nadink oor hierdie gebeure in die woestyn tussen die Satan en Jesus dan kom die vraag by ŉ mens op: maar sou Jesus dan regtig vir die versoekinge van die Satan geswig het? Sou Jesus, wat sondeloos in die wêreld ingekom het en self sonder sonde was, sou Hy regtig geswig het?
Om hierdie vraag reg te beantwoord moet ons vashou aan die geheimenis van Jesus wat as ware God en ware mens geleef het! Na sy Godheid sou Jesus nie kon swig voor die versoekinge van die Satan nie en het Hy ook die versoekinge weerstaan!

Maar omdat Jesus ook tegelyk waarlik mens was, moes Hy hierdie pad versoeking loop! Hy moes kom ervaar wat Adam en Eva ervaar het en ek en jy ervaar! Hy moes dit kom doen om juis in ons plek die volle aanslag van die sonde te beleef!

Karel het vanmore vir ons baie mooi uiteenuitgesit hoe Adam en Eva as eerste mense voor die versoeking van die Duiwel geswig het en so die ganse mensdom en die aarde in sonde gedompel het! Hierdie fout van die eerste mense is die eerste ding wat die tweede Adam – Jesus – kom regmaak! God se verlossingsplan vir die mens word, waar dit aanvanklik verkeerd geloop het, deur Jesus as eerste opdrag reggestel! Hy moet die duiwel op sy plek sit! Die duiwel moet besef dat Hy hier nie maar net met ŉ swakke mens te doen het nie, maar met die Seun van God, met die Koning van die heelal!

En na sy mensheid was hierdie versoeking vir Hom net so werklik en verskriklik soos die versoekinge wat ek en jy beleef. Ons lees daarvan in Hebreërs 4: 15 waar daar geskryf staan: “Hy was in elke opsig net soos ons aan versoekinge onderwerp”. Dit wat Jesus daar beleef het, was na sy mensheid, net so werklikheid en stryd as wat ek en jy teen die versoekinge van satan stry.

Hy was na veertig dae se vas werklik honger en dors en moeg vanweë die stryd teen die duiwel en juis daarom speel die duiwel ook in op sy behoeftes as mens om te eet en te rus! Die versoeking om van klippe brood te maak vas dus werklik! Die versoeking om hierdie stryd gou oor te kry en voor die Satan te buig was eg en werklik!

Maar omdat Jesus meer as net mens was, omdat Hy die Seun van God was, kon Hy nee sê vir Satan. Die dieptepunt van sy versoeking was juis omdat Hy die Seun van God is. Die Satan wou juis dat Hy sy posisie as God misbruik om Hom van die beperkinge van sy mensheid te bevry! Dis waarom die Satan twee keer sê: “As jy die Seun van God is....:”

Wat Satan wou hê was dat Jesus sy Goddelike mag gebruik om te ontkom aan sy mensheid en so tot sy eie voordeel op te tree! Sy Vader wou Hom beproef en Hom deur die vas- en versoekingstyd neem en dit sou God sy eer beroof as Jesus hier self en tot sy eie voordeel sy Godheid misbruik en vir Hom brood uit klippe maak.

Hy moes juis nie kom doen wat Adam en Eva en wat ons elke dag doen nie! Hy moes juis nie vir sy eie voordeel optree nie – Hy moes aan sy Vader gehoorsaam bly! Daarom dat Hy telkens die versoekinge van Satan met ŉ teks uit die Bybel afwys! Gehoorsaamheid aan God is belangriker as my eie belange!

Dis belangriker as my behoefte na materiële dinge soos kos en klere! Dis waaroor hierdie eerste versoeking gaan. Hoeveel keer brs. en srs. verloor ons nie die stryd teen Satan omdat ons dink aardse dinge soos kos, klere, geld, goeie werk, belangrike poste, blink karre en stewige bankbalanse is belangriker as om aan God gehoorsaam te wees nie!. Hoeveel keer kies ons nie dit bo God se eer en om aan Hom gehoorsaam te wees nie???

Gehoorsaamheid aan God is ook belangriker as dit wat in die tweede versoeking na vore kom naamlik dat ek maar roekeloos kan lewe want God sal mos sorg. Ek kan maar onverantwoordelik lewe, die Here het mos belowe Hy sal sorg! Dis nie so ernstig dat ek sonde doen nie, Jesus het mos aan die kruis vir my sonde betaal – God sal my vergewe! Ek kan maar later regmaak – nou moet ek eers my lewe geniet of doen wat ek graag wil doen – later sal ek weer met God opmaak.

En die derde versoeking is seker die grootste: die behoefte aan eer en mag! Buig voor my en ek gee jou die koninkryke van die wêreld! Hoeveel keer kies ek nie myself bo God of my naaste nie!

Br. en sr., gelukkig vir ons, het Jesus "nee" gesê! Gelukkig het Hy hier ons fout – wat ons in navolging van Adam en Eva doen, begin herstel! As eerste taak as ons Verlosser en Koning sê hy die Satan die stryd aan en oorwin Hy hom. Na die derde aanslag moes die Satan gee pad!

Die Here Jesus het hier die Satan sy eerste bloedneus gegee en daar sou tussen Hom en die Satan nog vele gevegte wees, maar die finale oorwinning sou Hy aan die kruis behaal. As Hy daar aan die kruis in die donker hang en uitroep: "My God my God waarom het U my verlaat" was Hy alleen in sy stryd teen die Satan! Daar moes Hy na sy Godheid vir ons as mense in ons mensheid – wat nie self kan oorwin nie – die oorwinning behaal! Toe die son daardie dag deurbreek na die 3 ure duisternis aan die kruis was Satan oorwin en daar het Jesus dit vir my en jou moontlik gemaak om ook te oorwin.

En dit is die belofte en die werklikheid wat die Here Jesus vanaand vir jou en my opnuut gee: Dat ons in sy Naam en met sy krag van die Heilige Gees die versoekinge van die Satan kan weerstaan! Dat ons ook oorwinning oor die sonde kan en sal behaal!

Paulus herinner ons ook aan hierdie belofte as hy in 1 Kor. 10: 23 vir die gemeente in Korinte sê: Geen versoeking wat meer is as wat ŉ mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan".

Hoekom? Want wat in ons is, geliefdes, is ook meer as ŉ mens! Wat ons ontvang het om ons help is meer as ŉ mens! God, die Heilige Gees woon in ons! Net soos wat Jesus met die Gees gesalf is, net so is elke gelowige met die Gees gesalf en met sy krag kan ons doen meer as wat mens kan doen – ons kan nee sê vir versoeking en ons kan sonde oorwin!

Geliefdes, hierin moet ons glo en hieraan moet ons vashou! Dit is hoe God sy verlossingplan deur ons voortsit! So stry ek en jy saam met die gelowiges van alle eeue en elke keer wat jy nee sê, elke keer wanneer jy vir God se eer kies bo jou eie eer of voordeel, is dit ŉ oorwinning vir God. So is God dan besig om ook in jou en my lewe sy eer te herstel!

Is dit maklik? Nee, gewis nie! Hierdie stryd is geweldig! Om hierdie rede het die engele gekom om Jesus te kom versorg na sy 40 dae lange stryd met die Satan. Om hierdie rede het die Here ons ’n wapenrusting gegee sodat ons staande kan bly in die stryd.

In die engele se versorging van Jesus lê ook die belofte van die Here aan ons! Wanneer ons vir Hom kies, sal Hy vir ons sorg. Hier en nou – maar ook eendag wanneer die aardse stryd verby is, wag die versorging van God deur sy engele vir ons.

Kan jy die sonde oorwin? Ja, jy kan.

Amen